basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VERBRUIKERSTUDIES (PRODUKSIE VAN KLEDINGSTUKKE)

## RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## GRAAD 12

## 2022

**Hierdie riglyne bestaan uit 35 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

# DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR VERBRUIKERSTUDIES PRODUKSIE VAN KLEDINGSTUKKE

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat praktiese komponente bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie; Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word tot aan die einde van September uitgevoer. Die PAT bied leerders die geleentheid vir die assessering van vaardighede wat hulle tydens die weeklikse praktiese klasse en die praktiese eksamens in graad 10 tot 12 bekom het. Dit laat ook die assessering van vaardighede toe wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die gestipuleerde tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

- Tydens die praktiese assesseringstaak moet die leerder sy/haar kennis en praktiese vermoëns/vaardighede toon om gehalte-artikels te produseer, met die fokus op vakmanskap en verkoopbaarheid.
- Die praktiese assesseringstaak vir Verbruikerstudies vir graad 12, met die Kleding-praktiese-opsie, bestaan uit 'n uitlê-en-uitknipsessie en 'n praktiese eksamen van VIER (4) UUR.
- Uitleg van die VIER (4) UUR:
  - **Uitlê-en-uitknipsessie: EEN-UUR-sessie (voor die praktiese eksamen)**
  - Leerders behoort die artikel binne die voorgestelde tydsraamwerk van DRIE (3) UUR te voltooi.
- Leerders voer die praktiese eksamen vir die PAT individueel uit.
- Die praktiese eksamen vir die PAT vind in Kwartaal 3 plaas.

## 2. PUNTETOEKENNING

- Die totale puntetoekenning van die PAT is 100 punte.
- Die punt vir die PAT vorm deel van die einde-van-die-jaar-assessering in Kwartaal 4.
- Die provinsie sal twee aparte gerekenariseerde puntestate, een vir SGA ('SBA') en een vir die PAT, verskaf.
- Die puntetoekenning word soos volg aangedui:

| | |
|---|---|
| Uitlê en uitknip | 6 |
| Praktiese eksamen | 94 |
| **Finale punt vir PAT** | **100** |

## 3. VEREISTES VIR PRAKTIESE EKSAMEN

Verbruikerstudies is 'n keusevak met vyf praktiese opsies. As die skool besluit om Verbruikerstudies as 'n vak aan te bied en die produksie van kledingstukke as praktiese opsie te kies, is die nodige toerusting en fondse vir die PAT, sowel as die gespesifiseerde aantal praktiese klasse, die verantwoordelikheid van die skool, soos in die *KABV*-dokument op bladsy 10 uiteengesit.

Die skool het die verantwoordelikheid om die beskikbaarheid van die volgende vir die PAT-eksamen te verseker:

- 'n Geskikte klaskamer met die nodige toerusting: groot tafels vir uitlê en uitknip, 'n minimum van 12 naaimasjiene, twee omkapmasjiene, twee of meer strykplanke en strykysters, uitknipskêre (een vir elke leerder), elektrisiteit en naaldwerktoerusting vir die aanmekaarwerk en maak van kledingstukke.
- 'n Minimum van R80 tot 'n maksimum van R150 per leerder vir die praktiese eksamen word benodig om die vereiste artikel te maak, buiten die fondse benodig vir die SGA ('SBA') weeklikse praktiese lesse.
- Die getal leerders per sessie moet ooreenstem en in lyn wees met die getal naaimasjiene wat beskikbaar is.
- Dit is belangrik om by die Covid-19-protokol van sosiale distansiëring te hou.
- Deel die leerders in groepe met 'n maksimum van 12 leerders per sessie. Vier en twintig leerders (twee groepe van 12 leerders elk) kan die eksamen op dieselfde dag doen, bv. van 08:00 tot 11:00 en van 12:30 tot 15:30.
- Die onderwyser het tussen die twee sessies tyd nodig om die klaskamer vir die volgende groep gereed te maak.
- Skole met baie leerders sal meer as een dag benodig om hierdie praktiese eksamen te voltooi.

## 4. VEREISTE TYDRAAMWERK

- Uitlê en uitknip word voor die praktiese eksamen in 'n EEN-UUR-sessie onder eksamentoestande gedoen.
- 'n Tydraamwerk van DRIE (3) UUR in totaal word benodig om die praktiese eksamen te doen.

## 5. OPSTEL VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

- Die praktiese eksamen sal plaasvind op 'n datum soos met die moderator ooreengekom.
- Die produksieproses, vakmanskap en verkoopbaarheid van die artikel is belangrike aspekte van die praktiese eksamen.
- Onderwysers kan gebruik maak van die voorbeeld wat verskaf word of die praktiese assesseringstaak intern opstel. As die onderwyser dit intern opstel, moet dit ook vir moderering en goedkeuring aan die vakadviseur voorgelê word.
- Leerders moet in staat wees om al die gevorderde tegnieke soos vir graad 12 geïdentifiseer, te demonstreer.
- Die geselekteerde artikel moet 'n totale gewigswaarde van 50 punte volgens die vaardigheidskodelys hê.
- Die leerders moet die EEN UUR uitlê-en-uitknipsessie onder eksamentoestande voor die praktiese eksamen voltooi.
- Die leerders sal op die produksieproses, vakmanskap/afwerking en verkoopbaarheid van die artikel geassesseer word.
- Aan die einde van die DRIE URE moet leerders hul kledingstukke en verpakking vir finale assessering inlewer.
- Nadat die assessering voltooi is, moet die artikels aan die leerders teruggegee word vir verbeteringe en afwerkings, indien nodig.
- Die artikels sal NIE weer nagesien word nadat die verbeteringe aangebring is NIE.

- Die praktiese eksamen moet goed vooruit beplan word om enige botsings met ander skoolaktiwiteite te vermy.
- Die praktiese eksamen moet by die skool se eksamenrooster ingesluit word.

**LET WEL:** Leerders moet hul kledingstuk verpak. Die verpakking en etiket moet binne die sewe dae nadat die leerders die toets ontvang het, voordat hulle die praktiese eksamen doen, voltooi word. Leerders moet die etiket en verpakking op die dag van die praktiese eksamen saambring.

## 6. VOORBEREIDING VIR DIE PRAKTIESE EKSAMEN

**Die onderwyser is vir die volgende verantwoordelik:**

- Bepaal die datums vir die praktiese eksamen. Dra hierdie datums aan die bestuurspan van die skool oor om te verseker dat dit nie met ander skoolaktiwiteite bots nie.
- Al die toerusting moet in werkende toestand wees en die naaimasjiene moet voor die begin van die praktiese eksamen gediens en herstel word .
- Kopieer die patroon, illustrasie(s) en instruksieblad vir elke leerder of koop 'n handelspatroon vir elke leerder. Dit is VERPLIGTEND dat elke leerder 'n instruksieblad gebruik.
- Berei die assesseringsinstrumente wat verskaf is, met die leerders se name voor.
- Leerders moet die patroon en instruksies **EEN week (7 skooldae)** voor die uitlê-en-uitknipsessie ontvang om voor te berei.
- Deel leerders in groepe volgens die getal leerders wat gerieflik in die lokaal geakkommodeer kan word. **Hou die Covid-19-protokolle in gedagte, bv. sosiale distansiëring**.
- Koop die kleedstof en ander benodigdhede, knip die kleedstof volgens die verlangde grootte vir elke leerder.
- Stel vir elke leerder 'n stelletjie ('kit') saam wat die volgende insluit:
  - Kleedstof in die vereiste grootte
  - Die patroon en instruksieblad
  - Die kramery/ander benodigdhede, bv. ritssluiter, knope en spelde
- Bedraad al die naaimasjiene vooraf met die geskikte kleur garing en toets die spanning van al die naaimasjiene.
- Berei die klaskamer voor en maak seker die dat die volgende beskikbaar is
  - Elektriese kragproppe en verlengkoorde vir al die strykysters en naaimasjiene
  - Strykysters en strykplanke
  - Groot tafels vir die uitlê en uitknip van die patroondele
  - Genoeg klein gereedskap, soos skêre, naalde, torringmessies, spelde, garing, spoeletjies, ekstra naaimasjiennaalde en uitknipskêre
- Maak die werkoppervlakke van al die werkstasies skoon en ontsmet dit.
- Berei naamkaartjies vir die laaste groep leerders voor om die moderator te help om die kandidate te identifiseer.

## 7. UITVOER VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

### 7.1 Die uitlê- en uitknipsessie: EEN (1) uur voor die praktiese eksamen

- Maak seker dat leerders hulle hande met seep en water was, hulle maskers dra en hulle werkstasies ontsmet. Volg die protokol van sosiale distansiëring (1,5 m weg van mekaar).
- Alle leerders wat die uitlê-en-uitknipsessie uitvoer, moet die bywoningsregister teken.
- Die onderwyser moet die getekende bywoningsregister op 'n veilige plek bewaar en dit moet op aanvraag beskikbaar wees.

- Deel elke leerder se stelletjie ('kit') met die kleedstof, patroon, instruksieblad en ander benodigdhede, soos die ritssluiter, uit.
- Die onderwyser mag NIE tydens die uitlê-en-uitknip-sessie enige hulp aan leerders verleen NIE.
- Tydens die uitlê-en-uitknip-sessie moet die onderwyser punte toeken.
- Leerders kan uitgesnyde patroondele verbeter/regmaak of nuwe dele uitsny NADAT die uitknipsessie verby is en punte toegeken is, maar dit sal NIE weer nagesien word NIE.
- Die onderwyser bewaar al die leerders se patroondele op 'n veilige plek tot die dag van die praktiese eksamen.

## 7.2 Praktiese eksamen in Kwartaal 3: DRIE (3) UUR

- Wanneer die leerders die klaskamer binnekom, word die Kleding-stelletjies ('kits') aan elke leerder uitgedeel, asook ekstra afvalmateriaal (om die naaimasjiene se spanning te toets, indien nodig).
- Daar moet genoeg skêre, spelde en naalde beskikbaar wees. **Moenie die toerusting deel nie.**
- Die naaimasjiene moet by die tafels gereed wees.
- Leerders, onder toesig van die onderwyser, moet die praktiese eksamen individueel doen.
- Die artikel moet na DRIE (3) URE vir assessering gereed wees.
- Leerders sal **2 punte verloor vir elke 5 minute wat hulle laat is**, tot 'n maksimum van 20 punte.
- Slegs die onderwyser, die moderator en die leerders mag tydens die praktiese eksamen in die klaskamer wees.
- Die onderwyser moet toesig hou en die leerders assesseer terwyl die praktiese eksamen uitgevoer word en GEEN ander werk mag in hierdie tyd gedoen word NIE.
- Die onderwyser moet die artikel nasien wat tydens die praktiese eksamen gemaak is en die punte aanteken.
- Nadat die artikel nagesien is, kan die leerders foute regmaak, verbeteringe aanbring of die kledingstuk voltooi.
- Die artikels sal NIE weer nagesien word nadat verbeterings aangebring is NIE.
- Nadat verbeterings aangebring is, word die verpakte kledingstukke ingelewer en op 'n veilige plek tot die dag van moderering bewaar.
- Die onderwyser moet die assesseringsinstrument voltooi.

## 8. EVALUERING

- Die onderwyser en eksterne moderator het 45 minute om die finale artikels te evalueer, die leerders se werkstasies te inspekteer en die assesserings-instrument te voltooi.
- Terwyl hulle kledingstukke geëvalueer word, moet die leerders hulle werkstasies en toerusting opruim en ontsmet
- Na afloop van die praktiese eksamen moet die onderwyser/moderator die werkstasies vir die finale toekenning van punte inspekteer.

## 9. MODERERING VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

### 9.1 VOOR die praktiese eksamen

Die onderwyser moet die volgende voor die einde van **Maart of vroeër** by die vakadviseur vir goedkeuring indien om te verseker dat die praktiese eksamen van 'n geskikte standaard is:

- Die voorgestelde datum vir sig-moderering vir die laaste groep leerders
- Die geselekteerde artikel met die tegnieke se gewigswaardes volgens die vaardigheidskode aangedui
- 'n Fotokopie van die patroonkoevert
- 'n Instruksieblad
- 'n Illustrasie van die kledingstuk
- Die beplanning vir die aankope
- Die beplanning vir al die eksamensessies
- Die voltooide oorsiglys, deur die hoof geteken

**Die PAT kan nie gedoen word tensy die vakadviseur dit goedgekeur het nie.**

### 9.2 OP DIE DAG van praktiese eksamen

- Maak seker dat kandidate hulle hande met seep en water was, hulle maskers dra en hulle werkstasies ontsmet. Volg die protokol van sosiale distansiëring, (1,5 m weg van mekaar). Hou altyd ekstra maskers byderhand.
- 'n Maksimum van 12 leerders sal in Kwartaal 3 ekstern deur die betrokke vakadviseur gemodereer word terwyl hulle die praktiese eksamen by die skool aflê.
- Die onderwyser moet op die dag van die moderering die volgende vir die moderator gereed hê:
  - Al die artikels wat die leerders gedurende die weeklikse praktiese klasse vir SGA ('SBA') gemaak het (indien nie reeds gedurende SGA-moderering gemodereer nie)
  - 'n Kopie van die voltooide assesseringsinstrument vir die weeklikse praktiese lesse
  - Die voltooide kledingstukke (nagesien) van al die leerders wat reeds die praktiese eksamen voltooi het
  - Die punte van al die leerders wat reeds die praktiese eksamen voltooi het
  - 'n Aparte stel assesseringsinstrumente vir die moderator se gebruik, met die leerders se name reeds op die assesseringsinstrument geskryf
- Elke leerder moet die bywoningsregister teken voordat die eksamen begin.
- Die moderator sal SES (6) leerders lukraak kies. Hierdie leerders sal onafhanklik van die onderwyser geassesseer word.
- Na afloop van die assessering en konsolidering van punte sal die moderator sy/haar assessering met dié van die onderwyser vergelyk. Indien die moderator vind dat die onderwyser se punte meer as 10% van sy/haar punte verskil, moet 'n blokverskuiwing opwaarts of afwaarts gemaak word na gelang van die verskil.

Die tabel hieronder dui aan hoe om die verskil tussen die moderator se punte en die onderwyser se punte te bepaal sodat daar bepaal kan word of 'n aanpassing gemaak moet word asook hoe groot die aanpassing moet wees.

| **Leerder se Naam** | | | | | **PAT** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | **100** | |
| | | | | | ***O** | ***M** |
| Leerder A | | | | | 84 | 69 |
| Leerder B | | | | | 83 | 70 |
| Leerder C | | | | | 68 | 53 |
| Leerder D | | | | | 59 | 44 |
| Leerder E | | | | | 49 | 40 |
| Leerder F | | | | | 45 | 40 |
| **TOTAAL** | | | | | **388** | **316** |
| **GEMIDDELDE PUNT = TOTAAL ÷ 6 (getal leerders)** | | | | | **66** | **53** |
| **VERSKIL = 66 (*O) – 53 (*M)** | | | | | **13** | |
| **AANPASSING** | **AFWAARTS** | ✓ | **OPWAARTS** | | **– 3** | |

***O = Onderwyser; *M = Moderator**

- 'n Blokverskuiwing kan ook op grond van die professionele oordeel van die moderator gemaak word as die praktiese eksamen van die skool nie aan die verwagte standaard voldoen nie.
- Die moderator sal die uitslag en enige aanpassings met die onderwyser bespreek.
- Die finale gemodereerde punte moet dan op die gerekenariseerde puntestaat aangebring word.
- Die punte van al die leerders sal geraak word as 'n aanpassing gemaak word.

Kopiereg voorbehou 

## VAARDIGHEIDSKODE-GEWIGSWAARDE VIR TEGNIEKE GEBRUIK IN KLEDINGPRODUKSIE

- Gebruik die volgende vaardigheidskode-gewigswaarde om 'n patroon vir die PAT sowel as vir die weeklikse lesse te kies.
- Die vaardigheidskode toon die tegnieke se gewigswaarde en NIE die puntetoekenning NIE.
- Die gewigswaarde vir 'n spesifieke tegniek kan slegs EEN keer toegeken word.
- Die onderwyser kan 'n tegniek, wat nie hieronder aangedui word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en die vakadviseur moet dan op die gewigswaarde vir die nuwe tegniek besluit.
- 'n Gewigswaarde word aan 'n tegniek toegeken volgens die moeilikheidsgraad van die tegniek.
- Die totale gewigswaarde van die tegnieke vir elke praktiese eksamen in graad 12 moet 'n minimum van 50 punte in totaal hê.

| | |
|---|---|
| **Uitlê en uitknip van 'n handelspatroon** | **15** |
| • Kleedstof korrek gevou | 1 |
| • Patroondele op lengtedraad geplaas | 2 |
| • Alle relevante patroondele op die vou geplaas | 2 |
| • Patroondele ekonomies geplaas | 2 |
| • Patroondele korrek op kleedstof vasgesteek | 1 |
| • Egalig geknip op kniplyne | 2 |
| • Kepies korrek geknip | 1 |
| • Patroonmerke | 2 |
| • Volg patrooninstruksies | 2 |
| **Uitlê en uitknip volgens afmetings, geen patroon nie** | **15** |
| • Kleedstof korrek gevou | 1 |
| • Afmetings korrek op kleedstof aangebring | 5 |
| • Lengtedraad van kleedstof korrek gebruik | 3 |
| • Egalige knipwerk | 4 |
| • Korrekte aantal dele | 2 |
| **Pylnate** | **10** |
| • Stik van breed na smal | 2 |
| • Reguit stiksel | 2 |
| • Pars afwaarts of na die middel | 3 |
| • Knoop gare by nou punt en ryg terug in pylnaat in | 3 |
| **Rygsdrade/Bo-op stiksel** | **10** |
| • Patroonmerke korrek oorgedra | 2 |
| • Egalig gespasieer | 3 |
| • Stiksel reguit | 3 |
| • Pas by item/kleedstof | 2 |
| **Oop of toe nate met afwerking** | **10** |
| • Reguit stiksel/egalige ronding/reghoek | 4 |
| • Naattoelating korrek en egalige breedte | 3 |
| • Naatafwerking | 3 |
| **Vasmaakmiddels: lussie en hakies/knopies/ drukknopies** | **5** |
| • Spasiëring | 2 |
| • Geskik vir kledingstuk | 1 |
| • Korrek en stewig vasgewerk | 2 |

| | |
|---|---|
| **Ritssluiter** | **15** |
| • Naattoelating korrek en egalige wydte | 3 |
| • Naatafwerking | 2 |
| • Insit van rits: reguit steke | 4 |
| • Hoeke onderaan rits netjies en vierkantig | 3 |
| • Hoeke bo-aan rits netjies en vierkantig | 3 |
| **Maak en heg kraag aan** | **20** |
| • Berei kraag voor dit gestik word (houstiksel – stik en ryg dele aanmekaar) | 5 |
| • Kraagrand netjies gestik, egalige rondings en/of skerp hoeke | 4 |
| • Albei kante dieselfde | 2 |
| • Naattoelating binne die kraag uitgedun en korrek uitgekeep | 2 |
| • Kraagrand onderstiksel, geryg en gestryk | 2 |
| • Heg kraag aan kledingstuk: pas netjies | 3 |
| • Naat netjies gestik, uitgedun, naatafwerking | 2 |
| **Gefatsoeneerde belegsel (vir openinge soos mousgat of halslyn)** | **20** |
| • Berei belegsel en ryg vas aan opening | 3 |
| • Heg belegsel aan | 4 |
| • Belegsel lê plat en pas netjies in opening | 3 |
| • Naattoelating binne uitgedun, onderstiksel | 4 |
| • Belegsel egalige breedte | 2 |
| • Afwerking van rafelrande | 2 |
| • Belegsel aan skouer/synate vasgewerk | 2 |
| **Voorste opening en nekband** | **10** |
| • Versterk | 2 |
| • Band egalige wydte | 3 |
| • Nekband pas behoorlik | 3 |
| • Stewig vasgestik | 2 |
| **Bo-opgestikte sak** | **10** |
| • Fatsoen van sak, grootte, naatbreedte | 3 |
| • Korrekte posisie op kledingstuk | 3 |
| • Stiksel om sak vas te heg | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Knoopsgate** | **10** | **Plooie** | **15** |
| • Knoopsgate: dieselfde grootte (hand/masjien)<br>• Spasiëring<br>• Voorkoms<br>• Korrek vasgewerk en oop | 3<br><br>2<br>2<br>3 | • Patroonmerke korrek oorgedra<br>• Eweredig gespasieer<br>• Egalige breedte<br>• Pas by kleedstof/patroon<br>• Voue van plooie op regsdraad van kleedstof | 3<br>3<br>3<br>3<br>3 |
| **Maak en sit moue in** | **10** | **Some** | **10** |
| • Ryg of plooitjies (3 rye) om moukop<br>• Moue pas netjies in mousgat<br>• Alle nate en naatafwerkings netjies<br>• Soom van mou | 3<br>5<br>4<br>3 | • Egalige en korrekte breedte reg rondom<br>• Lê plat, geen plooie/rygsels aan regte kant nie<br>• Netjiese, reguit stiksel/netjies met die hand gewerk<br>• Korrekte steeklengte/korrekte handsteek | 3<br><br>2<br><br>3<br>2 |
| **Heg van raglanmoue** | **10** | **Smal enkelsome** | **8** |
| • Stiksel reguit<br>• Naattoelating korrek en ewe breed<br>• Alle nate en naatafwerking is netjies<br>• Soom van mou | 2<br>3<br>2<br>3 | • Egalige en korrekte breedte<br>• Netjies omgekap<br>• Netjies omgevou<br>• Netjies gewerk/gestik | 2<br>2<br>2<br>2 |
| **Skuinsomboorsel** | **20** | | |
| • Sny van skuinsstroke<br>• Las van skuinsstroke<br>• Heg omboorsel vir afwerking aan<br>• Korrekte en egalige breedte<br>• Lê plat en egalig<br>• Met masjien of hand vasgewerk | 5<br>5<br>3<br>3<br>2<br>2 | | |

**ONDERWYSER SE BEPLANNING:**
**GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMEN**
*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

| |
|---|
| **Naam van skool:** |
| **Naam van onderwyser:** |
| **Datum(s) en tyd (tye) van praktiese eksamensessies:** |

**TOETSE VIR PAT GRAAD 12**
**(Heg kopieë van patrone en instruksieblaaie aan)**

| UITLÊ EN UITKNIP | |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **GEWIGSWAARDE** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTAAL** | |

| PRAKTIESE EKSAMEN | |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **GEWIGSWAARDE** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTAAL** | |

## VOORBEELD VAN ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

| Totale getal leerders | Groepe | Getal leerders per groep | Datums | Tyd |
|---|---|---|---|---|
| 25 | 1 | 13 | 10/09/2022 | 08:00–11:00 |
| | 2 | 12 | 10/09/2022 | 12:30–15:30 |

| Benodigdhede per leerder | Hoeveelheid benodig per leerder | Getal leerders | Totaal |
|---|---|---|---|
| Poliësterkatoen | 1 m | 25 | 25 meter |
| Garing vir stikwerk | 1 tolletjie | | 25 tolletjies |
| Patroon | 1 | | 25 patrone |
| Vilene | 0,5 m | | 12,5 meter |
| Ryggaring | 1 | | 25 tolletjies |
| Ritssluiter | 1 | | 25 ritssluiters |

## ONDERWYSER SE INKOPIELYS

| Benodigdhede | Hoeveelheid |
|---|---|
| Poliësterkatoen | 25 meter |
| Garing vir stikwerk | 25 tolletjies |
| Patroon | 25 patrone |
| Vilene (Tussenvoering) | 12,5 meter |
| Ryggaring | 25 tolletjies |
| Ritssluiter | 25 ritssluiters |

## ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

| Totale getal leerders | Groepe | Getal leerders per groep | Datums | Tyd |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| Benodigdhede per leerder | Hoeveelheid benodig per leerder | Getal leerders | Totaal |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

## ONDERWYSER SE INKOPIELYS

| Benodigdhede | Bedrag |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**VERBRUIKERSTUDIES**
**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**
**KLEDINGPRODUKSIE**
**OORSIGLYS VIR BEPLANNING (wat vir moderering voorgelê moet word)**

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOL** | | |
| **ONDERWYSER** | | |
| **SKOOLHOOF** | | |
| **DATUM INGELEWER** | | |
| **Datums van alle PAT-sessies** | **Voorgestelde modereringsdatum** | **Goedgekeurde modereringsdatum** |
| | | |

| KRITERIA | JA/NEE | KOMMENTAAR DEUR MODERATOR |
|---|---|---|
| **Items ingesluit** | | |
| 'n Illustrasie van die artikel/ fotokopie van die patroonkoevert | | |
| Kopie van die patroon/instruksie-blad vir die leerders | | |
| Volledige lys tegnieke en totale gewigswaarde van artikel vir praktiese eksamen | | |
| Beplanning vir aankope | | |

**GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE** **DATUM VIR HERVOORLEGGING:** ___________

**Handtekeninge:**

**ONDERWYSER:** ______________________________ **DATUM:**______________________________

**SKOOLHOOF:** ______________________________ **DATUM:** ______________________________

**MODERATOR:** ______________________________ **DATUM:** ______________________________

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR KLEDING**
**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

NAAM VAN SKOOL ____________________________________

DATUM ____________________________________________

ONDERWYSER _______________________________________

MODERATOR ________________________________________

| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **PRAKTIESE EKSAMEN** | | | | | | | | | |
| **1.** | **PRAKTIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE** | | | | | | | | | |
| **1.1** | **Interpretasie van die patroon** | **4** | | | | | | | | |
| | Volg patrooninstruksies akkuraat | 2 | | | | | | | | |
| | Verstaan terminologie en simbole vir implementering | 2 | | | | | | | | |
| **1.2** | **Akkurate implementering van tegnieke** | **20** | | | | | | | | |
| | Korrekte tegnieke vir uitlê en uitknip | 6 | | | | | | | | |
| | Korrekte tegnieke toegepas om die kledingstuk te produseer:<br>(Uit die lys hieronder, assesseer die tegnieke wat op die artikel van toepassing is)<br>Pylnate/Ryg/Bo-op-stiksel/Nate/Vasmaakmiddels/ Knoopsgate/Moue/Skuinsomboorsel/Ritssluiter/ Kraag/Gefatsoeneerde belegsel/Voor opening en nekband/Bo-opgestikte sak/Plooie/Some | 14 | | | | | | | | |
| **1.3** | **Korrekte hantering van toerusting** | **8** | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van kleiner toerusting, bv. maatband, skêr, naalde | 3 | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van groot toerusting, bv. naaimasjien, omkapmasjien | 2 | | | | | | | | |
| | Veilige gebruik van toerusting, bv. garingskêr/skêr/ spelde/strykyster/stiknaalde | 3 | | | | | | | | |
| **1.4** | **Ekonomiese produksie van die kledingstuk** | **8** | | | | | | | | |
| | Gereelde gehaltebeheerpunte (tydens uitlê en uitknip en produksieproses) | 2 | | | | | | | | |
| | Ekonomiese gebruik van voorraad, geen vermorsing van kleedstof en benodigdhede nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk onafhanklik, stil, steur nie ander nie, vra geen vrae nie | 2 | | | | | | | | |
| | Doeltreffende gebruik en bestuur van tyd | 2 | | | | | | | | |
| **2.** | **HIGIËNE EN NETHEID** | | | | | | | | | |
| **2.1** | **Werkstasie en toerusting tydens die praktiese eksamen** | **8** | | | | | | | | |
| | Werkstasie netjies en goed georganiseerd | 3 | | | | | | | | |
| | Klein toerusting lê nie rond nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk higiënies en veilig | 3 | | | | | | | | |
| **2.2** | **Persoonlike voorkoms** | **3** | | | | | | | | |
| | Toepaslik geklee (skooluniform) | 1 | | | | | | | | |
| | Naels skoon en kort | 1 | | | | | | | | |
| | Hande gewas en ontsmet toe lokaal binnegekom is en met gereelde tussenposes | 1 | | | | | | | | |
| **2.3** | **Netheid van werkstasie na praktiese eksamen** | **4** | | | | | | | | |
| | Werkstasie skoon | 1 | | | | | | | | |
| | Toerusting skoongemaak en weggepak in korrekte stoorplek | 2 | | | | | | | | |
| | Afval verwyder, vullisblik skoon | 1 | | | | | | | | |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR KLEDING**
**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**
***(vervolg)***

| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |
| **3.** | **GESKIKTHEID VIR VERKOPE (VERKOOPBAARHEID)** | | | | | | | | | |
| **3.1** | **Verpakking** | **4** | | | | | | | | |
| | Beskerm die kledingstuk | 1 | | | | | | | | |
| | Geskik vir die kledingstuk | 1 | | | | | | | | |
| | Koste-effektief | 1 | | | | | | | | |
| | Verbruikersaanklank | 1 | | | | | | | | |
| **3.2** | **Etiket** | **5** | | | | | | | | |
| | Vesel-inhoud/tipe kleedstof gebruik | 1 | | | | | | | | |
| | Toon kreatiwiteit | 1 | | | | | | | | |
| | Vervaardiger se naam/fisiese adres/ kontakbesonderhede | 1 | | | | | | | | |
| | Grootte/Prys | 1 | | | | | | | | |
| | Versorgingsinstruksies | 1 | | | | | | | | |
| **3.3** | **Kledingstuk geskep, voldoen aan die spesifikasies** | **36** | | | | | | | | |
| | Geskikte keuse van kleure vir die kledingstuk | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte grootte van kledingstuk volgens patroon | 2 | | | | | | | | |
| | Skoon produk | 2 | | | | | | | | |
| | Eindpunte/Garings netjies afgewerk | 2 | | | | | | | | |
| | Netjies gestryk/gepars | 2 | | | | | | | | |
| | Nate netjies en korrek geheg | 2 | | | | | | | | |
| | Nate is netjies gestik en afgewerk | 3 | | | | | | | | |
| | Stewig gestik | 2 | | | | | | | | |
| | Geen foute (bv. geen gate) in die konstruksie van die kledingstuk nie | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte toepassing van tegnieke gebruik in die konstruksie van die kledingstuk | 5 | | | | | | | | |
| | Korrekte en egalige spanning regdeur | 2 | | | | | | | | |
| | Geskiktheid vir verkope/Verkoopbaarheid **(Gebruik die skaal hieronder)** | 10 | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |
| | Straf indien laat: Trek 2 punte af vir elke 5 minute laat, tot 'n maksimum van 20 punte. | | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |

**GESKIKTHEID VIR VERKOPE/VERKOOPBAARHEID:**

0–2 Onaanvaarbaar, voldoen nie aan die vereistes nie, sal nie verkoop nie
3–4 Swak, voldoen aan sommige van die vereistes, sal nie verkoop nie
5–6 Gemiddeld, voldoen aan die meeste van die vereistes, behoort te verkoop
7–8 Goed, voldoen aan al die vereistes, sal goed verkoop
9–10 Uitstekend, oortref al die vereistes, sal baie goed verkoop

**VOORBEELD VAN KLEDINGITEMS VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

**KINDERHEMP/BLOES**

| DOGTER | SEUN |
|---|---|
|  |  |

**GEWIGSWAARDE:** Kies tegnieke tot 'n gewigswaarde van 50 vaardigheidskodepunte.

| UITLÊ EN UITKNIP | |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **GEWIGSWAARDE** |
| Uitlê en uitknip | 15 |
| **SUBTOTAAL** | **15** |


| TEGNIEKE | GEWIGSWAARDE |
|---|---|
| Maak en heg kraag aan | 20 |
| Knope | 10 |
| Knoopsgate | 10 |
| Maak en heg moue aan | 10 |
| **SUBTOTAAL** | **50** |
| **TOTAAL** | **65** |

**BENODIGDHEDE:**


- 0,75 m teen 1,15 m in lengte van katoen/poliësterkatoen
- 0,25 m aanstryk-tussenvoering
- Garing om te stik en te ryg
- Knope
- Naald
- Spelde
- Snyerskryt/Merkpen
- Maatband
- Torringmessie
- Papierskêre
- Kleedstofskêre
- Knoopsgatskêre
- Naaimasjien
- Omkapmasjien

**PATROONDELE**

**LET WEL:** Patroondele is op bladsy 28–35 aangeheg.




**PATROONUITLEG**





**UITLÊ EN UITKNIP:**

**(Leerders kan kies om die dogter of seun se hemp of bloes te maak)**

As die opsie vir die dogter gekies word, moet die onderkant van die voorste en agterste panele van die patroon aangepas word sodat dit 'n ronde fatsoen het. Sien voorbeeld hieronder en volledige instruksies onder stap 2B.

As 'n groter grootte verkies word, kan die patroondele op die fotostaatmasjien vergroot word.
Die getal meter kleedstof benodig moet slegs aangepas word volgens die grootte van die hemp/bloes.





**Voorpant van bloes**







**Agterpant van bloes**




**UITLÊ EN UITKNIP:**



1. Lê die patroondele op die kleedstof uit, steek vas en knip uit.
2. Dra patroonmerke oor, waar van toepassing. Vou al die patroondele en ekstra kleedstof op en lewer by onderwyser in om nagesien te word.
3. Leerders mag verkeerde dele korrek knip NADAT die onderwyser hul werk nagesien het.
4. GEEN punte word toegeken as die uitknip weer gedoen word nie.
5. Al die patroondele moet by die onderwyser ingelewer word vir veilige bewaring tot die dag van die praktiese eksamen.


**LET WEL:** Gebruik dieselfde instruksies vir albei hemde. Slegs die dogter se bloes sal voor en agter aan die onderkant rond wees, soos hierbo genoem.
Slegs 2 knope en knoopsgate moet tydens die eksamen voltooi word.
Slegs 1 mou moet tydens die eksamen ingesit word.
Leerders moet 'n geleentheid kry om die artikel, nadat dit nagesien is, te voltooi.




<table>
<tr><th colspan="2">DOGTERBLOES OF SEUNSHEMP</th></tr>
<tr><th colspan="2">PRAKTIESE EKSAMEN: 3 URE</th></tr>
<tr><th>INSTRUKSIES</th><th>ILLUSTRASIES</th></tr>
<tr><td>PATROONUITLEG:<br><br>STAP 1: Uitlê.<br><br>• Druk die patroon in landskap volgens werklike grootte.<br>• Die patroon kan vergroot word<br>• Vou kleedstof in die lengte met regtekante teenmekaar.<br>• Lê die patroondele op die kleedstof uit.<br>• Die naattoelating is reeds by die patroon ingesluit.</td><td></td></tr>
<tr><td>STAP 2A: Uitknip.<br><br>• Voorpante (2x)<br>• Agterpante (1x op vou)<br>• Skouerstukke (1x op vou)<br>• Kraag (2x)<br>• Moue (2x)<br>• Tussenvoering vir die kraag (1x)<br>• Tussenvoering vir die knoopstaander (2x)</td><td></td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **STAP 2B: Voeg gekurfde rand by op die dogter se agterpant**<br><br>**Dogter se bloes:**<br>• Brei uit op die seun se patroon by die middel van beide die voor- en agterpantpatroondele met 5 cm + (5 mm + 2,5 cm vir die soom) en teken vanaf een die sykant na die volgende deur die merk om 'n gladde kurwe te maak.<br>• Die soom word op dieselfde manier as die seun se hemp bewerk, stap 12, deur die kurwe/ronding te volg. | <br><br>**Voorpant van bloes** **Agterpant van bloes** |
| **STAP 3: Stik die boonste en onderste agterpante aan mekaar.**<br><br>• Met die regtekante teenmekaar, steek die agterpant en die skouerstuk aan mekaar vas.<br>• Stik by (1 cm) naattoelating.<br>• Werk af ('Serge off') en stryk die nate. |  |

| | |
|---|---|
| **STAP 4: Bo-op-stiksel.**<br>• Stik bo-op naby die rand. |  |
| **STAP 5: Stik some in plek (voorkant van hemp/bloes).**<br>• Soom die voorpante.<br>• Vou, ryg 1 cm en stik by 0,5 cm vanaf die buiterand. |  |
| **STAP 6: Stik some in plek (voorkant van hemp/bloes).**<br>• Vou weer by 2 cm en stik by 1,5 cm vanaf die buiterand. |  |

| | |
|---|---|
| **STAP 7: Steek- voor en agterpante aan mekaar vas.**<br><br>• Met die regtekante teenmekaar, steek die voor- en agterpante aan mekaar vas. |  |
| **STAP 8: Stik.**<br>• Steek skouerstuknate en synate van die bloes/hemp aan mekaar vas en stik by 1 cm-naattoelating.<br>• Kap die nate om.<br>• Pars die nate. |  |
| **STAP 9: Stik die some in plek.**<br>• Vou die rand 0,5 cm weg van die rafelrand na die verkeerde kant.<br>• Vou weer en ryg 1 cm vanaf die buiterand.<br>• Stik naby die eerste gevoude rand. | <br>**Verkeerde kant** **Regte kante** |

| | |
|---|---|
| **STAP 10: Stik linkermou vas. (Sit slegs EEN mou in)**<br>• Vou die mou in die helfte.<br>• Steek dit in posisie in die armholte vas by 1 cm-soomtoelating, stik.<br>• Kap die nate om.<br>• Stik deur die hele kant by 1 cm-naattoelating.<br>• Kap die onderarmnaat om. |  |
| **STAP 11: Herhaal vir die regtermou.**<br>• Herhaal stap 12 tot 16 vir die regtermou. |  |
| **STAP 12: Vou die onderste soom.**<br>• Vou en steek weer vas soos die mousoom stap 9 aan die verkeerde kant van die hemp.<br>• Stik die soom by 1 cm vanaf die rand. |  |

| | |
|---|---|
| **STAP 13: Heg die kraag aan die hemp/bloes.**<br>• Steek een kant van die dubbelkraag aan die buitekant van die hemp vas, met die regtekante teenmekaar.<br>• Stik dit saam vas by 1 cm-naattoelating. |  |
| **STAP 14: Met regtekante teen mekaar, steek die kraag vas.**<br>• Vou die kraag opwaarts.<br>• Vou die kraag in die helfte, breedte-gewys, regtekante teen mekaar en steek vas, pas voorste rande by mekaar. | <br>**Agter** **Voor** |
| **STAP 15: Stik die buiterand.**<br>• Stik die buiterand by 1 cm-naattoelating. | <br>**Agter** **Voor** |


<table>
<tr><td>STAP 16: Keep die hoeke uit.<br><br>• Keep die hoeke.</td><td></td></tr>
<tr><td>STAP 17: Draai die kraag se regtekant na buite.<br><br>• Draai die kraag se regtekant na buite.<br>• Stoot die hoeke uit en pars die kraag plat.<br>• Vou die kraag by 1 cm van die buiterand na binne en steek die kraag aan die buitekant van die hemp vas.</td><td></td></tr>
<tr><td>STAP 18: Werk kraag aan die buitekant van die hemp/ bloes vas.<br><br>• Stik saam by 0,2 cm vanaf die buiterand.</td><td></td></tr>
</table>


| | |
|---|---|
| **STAP 19: Werk die voulyn van die kraag vas.**<br><br>• Werk die voulyn van die kraag wat as 'n stippellyn op die kraag se patroon aangedui is, vas. |  |
| **STAP 20: Stik die knoopsgate.**<br>• Gebruik 'n liniaal en merk waar jou knope en knoopsgate gaan wees.<br>• Stik **TWEE** knoopsgate.<br>• Knip die knoopsgate met 'n knoopsgatskêr oop. |  |
| **STAP 21: Werk die knope aan.**<br>• Werk die **TWEE** knope deeglik aan om seker te maak dat hulle goed werk. |  |


| | |
|---|---|
| **STAP 22: Afronding van die hemp/bloes.**<br><br>• Vou die kraag af. Knip alle los garing af.<br>• Pars die kledingstuk.<br>• Verpak. |  |


**As die onderwyser 'n tuisgemaakte patroon gebruik, moet 'n instruksieblad ingesluit word.**


**PATROONDELE**






Small dreamfactory
2



fold
Yoke
small dreamfactory
3


Small dreamfactory
fold
control
square
2" x 2"
5 cm x 5 cm
4


Small dreamfactory
Short-Sleeve
5


Small dreamfactory
Front
6


fold
Back
Small dreamfactory
7




**10. GEVOLGTREKKING**

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Kopiereg voorbehou